REVIEW BY HERMANN GILIOMEE

Tony Leon, die man wat ons demokrasie bestendig het
Hermann Giliomee

“Wie sal die beste bewaker van die liberale demokrasie in die nuwe Suid-Afrika wees”? Oor hierdie vraag het ek en Jakes Gerwel in 1992 in die Cape Times swaarde gekruis. My antwoord was dat dit NP sal wees omdat deelname aan `n liberaal-demokratiese stelsel die beste manier was om `n gedugte en onversetlike dominante party te beveg, terwyl Gerwel geargumenteer het dat die ANC nie die demokrasie, waarvoor hy so hard geveg het, sou verloën nie. Ons was albei verkeerd. Die beste bewaker sou die Demokratiese Party onder Tony Leon word., wat in 1994 minder as 2% van die stemme gewen het.

Dit was die onverskrokke Leon wat verhoed het dat die ANC-regering die opposisie domineer, ko-opteer en irrelevant maak. Dit was hy wat geweier het om toe te laat dat die ANC lastige minderhede as sondebokke uitkryt, ignoreer en uit die land dryf. Dit was hy wat die DP en later die Demokratiese Alliansie geposisioneer het as `n alternatiewe regering eerder as net `n versmaaide permanente minderheidparty. Dit was meesal die DP en later die DA wat korrupsie en wanadministrasie uitgewys het.

Danksy veral Leon beskou baie nie-swart Suid-Afrikaners hulle nie as minderhede wat hulself polities onsigbaar moet maak nie, maar as volwaardige burgers wat al minder bereid is stil te bly teen die vergrype van `n korrupte en onbeholpe regerende party, soos dit onder Thabo Mbeki ontaard het.

Leon, wat pas sy outobiografie gepubliseer het, was moontlik die beste leier van die opposisie wat Suid-Afrika gedurende die laaste eeu geken het. (Leon was possibly the the best leader of the opposition in South Africa in the 20th Century.)Die ander aanspraakmakers is genl J.B.M. Hertzog (1914-1924), genl. Jan Smuts (1924 –1933) en dr D.F. Malan (1933 tot 1948). In die geval van laasgenoemde drie leiers was dit `n geval van bring “bymekaar wat bymekaar hoort” om die gevleuelde woorde van Dr. Malan te gebruik. Leon moes egter mense bymekaar bring wat ideologies lank nie by mekaar gehoort het nie. Dit was die Afrikaners met hul klem op die nasionale groep as basis van verteenwoordiging, die Engelssprekendes met hul klem op die individu en die bruin werkersklas met hul afkeer aan Engelse meerderwaardigheid.

By die eerste drie opposisieleiers was daar die vooruitsig van die verowering van mag, wat die beste groeimiddel vir enige party is. By Leon se party was daar geen kans van mag op die nasionale vlak nie. Nietemin het die party se steun onder Leon bestendig gegroei van 1,73% in die nasionale verkiesing van 1994 tot 12,37% in 2004. Kenners meen dat die party meer as 20% in die volgende verkiesing sal haal.

Daar is ontleders, soos William Gumede, wat glo dat Leon se “veg terug” kampanje van die 1999 verkiesingstryd sy party se kans op swart steun vir `n geslag lank teruggesit het.

Dit mag so wees, maar enige party moet heel eerste sy kernondersteuners bevredig en robuuste opposisie is wat die minderhede van die DP en later die DA verwag.

Dit is nie Leon se styl wat verkeerd was nie, maar die grondwet en die kiesstelsel wat dit vir `n party soos die ANC moontlik maak om totaal die politiek te oorheers omdat dit op die grootste rassegroep gebou is en sonder skroom heel tyd die rassekaart kan speel. Lank voor Suid-Afrika `n demokrasie geword het, het Pierre Vandenberghe het in `n beroemde uitspraak gesê, wat deur Leon aangehaal word: “If your constituency has the good fortune to contain a demographic majority, racism can easily be disguised as democracy. The ideological sleight of hand, of course, is that an ascriptive, racially-defined majority is a far cry of a majority made up of shifting coalitions of indidividuals on the basis of a commonality of beliefs and interests”.

Solank hierdie dinamiek geld is enige poging van `n opposisie om deur middel van vriendelike kritiek op die regering swart kiesers weg te rokkel, tot futiliteit verdoem.

Leon het in 1994 leier geword van `n party by wie daar lank die geloof was dat die liberale demokrasie in Suid-Afrika met sy diep verdeelde samelewing kan werk. Hoogs gerespekteerde kenners, insluitende Larry Diamond, Donald Horowitz, Vernon Bogdanor, Arend Lijphart en Elie Kedourie het egter almal teen hierdie opvatting gewaarsku. `n Stelsel wat dit moontlik maak vir `n party -- of vir die partyfaksie wat op `n bepaalde oomblik die mag in die hande het --om onbelemmerde mag uit te oefen, sou bloot daartoe lei dat een vorm van rassedominasie deur `n ander vorm daarvan vervang word. Dit maak ook die soort van paleisrewolusie, soos die afdanking van Mbeki, moontlik omdat daar geen vrees is dat sulke optrede deur die kiesers gestraf gaan word nie. In `n gesprek oor sy boek wat ek laas Saterdag in `n boekwinkel met hom gevoer het, het Leon onomwonde verklaar dat `n stelsel van konsosiasie meer geskik vir Suid-Afrika sou gewees het.

Leon het heeltemal korrek besluit dat hy die beste waarde tot die stelsel kon toevoeg deur doelgerigte en vreeslose opposisie. Die vraag is waarom dit juis Leon was wat so `n krities belangrike rol in ons demokrasie gespeel het. Hy kom uit `n familie wat patrioties Suid-Afrikaans is maar terselfdertyd apartheid onomwonde verwerp het. Leon se vader het dit as `n eer en `n plig beskou om regter te word en van sy seuns verwag om diensplig te doen.. Daar was by Leon nooit enige verlammende skuldgevoel nie (En dit het klaarblyklik ook gehelp om die gunstelingseun te wees van `n bewonderende Joodse ma.

Ten tweede het Leon op `n baie vroeë stadium gekies op politikus te word eerder as om daarin te beland uit geldnood of vanweë `n mislukking in `n ander beroep. Ten derde was het sy ernstige hartaanval nog voor hy 30 jaar oud was hom laat besef dat die tyd kort mag wees was om `n werklike verskil in die lewe te maak.

Gedrewe mense misluk dikwels in die politiek. Leon se verlossende gawe was sy selfspot en self-ironisering, sy vereenselwiging met slagoffers en sy openlike afkeer van magsbeluste politici. Hy wys Nelson Mandela se uitnodiging om lid van die kabinet te word af omdat `n nekslag vir die ontwikkeling van `n opposisie sou wees.

Leon se outobiografie is myns insien die beste in die genre in Suid-Afrika. Dit is verstommend glad en boeiend geskryf. Dit gee aan ons `n onvergeetlike beeld van die vestiging van `n demokratiese plantjie in die harde grond van ons land. Demokrasieë word soms gemeet aan die effektiwiteit van die opposisie. Dat ons `n vasberade amptelike opposisie het, is baie aan Leon te danke. Hy was, soos `n bruin kieser aan hom toegejuig het: “Mister Democracy Man.”

Hermann Giliomee is redakteur van die Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika (Tafelberg).